Maandbrief

Oktober 2009

Liewe gemeente

As ons aan die woordjie diensbaarheid dink kom die gedagte dadelik in ons koppe op: "Ek moet besig wees." Besig om mense te help, besig met God se werk, besig met goeie dade. Maar om net besig te wees is nie diensbaar nie. Die wat waarlik diensbaar is,is die wat in die voetspore van Jesus loop, want as jy vanuit God se oë diensbaar is, het dit wat jy doen 'n effek op ander se lewens. Want wat jy doen, doen jy vanuit Jesus se liefde.

Dit beteken nie dat jy agteroor sit en wag op God se leiding nie, want dan gaan jy in elk geval net sit. Dit is hoekom daar dalk so baie is wat niks doen nie. Nee, wanneer ek vanuit Jesus se perspektief iets doen, maak ek staat op sy leiding en gesindheid sodat ander mense se lewens verander en vervuld kan word, nie deur my goed doen nie, maar deur God se Gees. Dit gebeur net omdat ek my gegee het as instrument in God se hand, sodat God my hande, my voete, my mond en my oë kan gebruik tot Sy diens.

Laat ons almal beskikbaar wees vir God se diens. Moenie toelaat dat jou besige skedule jou weerhou om iets goeds aan andere te doen nie.

Weereens baie dankie vir elkeen se bydraes om hierdie mooi saak van God aan die gang te hou. Mag God julle seën. Daarby wil ek ook dankie sê vir die kos wat gegee word vir die welsyn.

Kom ons wees beskikbaar vir diens in God se saak.

Groete

Past. Leon

<u>Ek en Jesus saam is 'n wenspan</u>

Hallo maats, ek hoop dit gaan sommer baie goed met julle almal. Julle moet die vakansie baie geniet. Ons almal hou mos daarvan om wenners te wees. Dit is altyd lekker om 'n wedstryd te speel of 'n wedloop te hardloop en te wen. Ons voel so goed.

Ons lees in die Bybel ook van 'n wedloop wat ons moet klaar maak. Maats, wanneer dit sportdag of atletiekdag is op 'n Saterdag, wie is altyd daar? Dis mos mamma en pappa. Hulle is altyd so trots en dan skree hulle: "vinniger, vinniger!" of "mooi so!" of dalk skree hulle "jy kan dit doen!". Julle sal almal met my saamstem, partykeer is jy net te moeg en dan wil jy stop, maar wanneer jy hoor dat hulle mooi goed vir jou skree, het jy sommer weer krag.

Lees gou saam met my Heb 12:1 "Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê," .

Die Bybel vertel ons dat ons pad met Jesus ook soos 'n wedloop is en dat ons almal soms ook moeg raak, maar ons as kinders van God is baie, baie gelukkig, want ons het 'n klomp mense in die kerk wat vir ons skree en nooit sal ophou om ons te help nie, totdat Jesus vir ons gaan kom haal. Maats, Jesus het vir my en jou so baie lief en Hy sê dat ons ook vir mekaar moet lief wees en help soos Hy vir ons lief het. Ek sal julle altyd help.

Soet wees.

Oom Quintin

What do we do if we want to grow in our relationship with God?

We should do the same things we would do with any other relationship:

- look for ways to spend time together,
- talk with each other,
- make plans to bless each other,
- do things for each other,
- focus on each other's desires,
- try to get to know each other more,
- honour each other,
- serve each other,
- and enjoy each other.

- **Karl Graustein**

Dagboek:

Oktober 2009

Sondag, 4 Oktober Nagmaal

Saterdag, 24 Oktober Uitstappie na "World of Birds"

Ons gaan die 24ste Oktober, 'n gemeente uitstappie hou na "World of Birds" in Houtbaai toe. Dit word vir die Kinderkerk gereël, maar ALMAL is BAIE WELKOM. Ons het afslag gereël vir almal wat saam gaan.



Pryse is as volg:
R 65 – Volwassenes, vir ons net **R 39**
R 39- Kinders (3-16 jaar), vir ons net **R 32**
Gratis – Kinders onder 3.

Daar mag piekniekmandjies ingeneem word.
Ons sal "Hotdogs" en koeldrank vir die kinders verskaf.
Daar is 'n snoepie en restaurant vir die wat belangstel.

Ons sal van Sondag af 'n lys by die kerk hê, waar jy jou naam kan opsit en ook kan laat weet of jy vervoer het, benodig of kan aanbied.

Dit gaan hope pret wees. Ons hoop om almal daar te sien!

In November gaan ons 'n Visvangkompetisie en piekniek hou. Verdere besonderhede sal in die volgende Maandbrief verskyn.

Pastoor Leon van Rensburg
☎ 021 981 2953 / 021 981 0844
🌍 www.ags-ligenlewe.com
✉ Posbus 122, Brackenfell, 7561
📱 072 782 7508
💻 pastoorleon@telkomsa.net